

# Amper

In ons alledaagse gesprekke word die uitdrukking "ek was amper dood" baie algemeen gebruik. Daarmee wil ons net sê dat ons 'n nare of onaangename ondervinding gehad het.

Om egter regtig 'n naby-dood of amper-dood ondervinding te hê, is baie anders as wat ons die uitdrukking gebruik. Dit is 'n ondervinding wat mens nie eers jou vyand wil toewens nie!

Ek het so 'n ondervinding gehad. Dit was 'n motorongeluk. Die laaste wat ek kan onthou is dat dit 'n pragtige, helder, maanverligte aand was.

Toe ek my bewussyn herwin, en so deur die newels tot my sinne kom, wou ek iets vat. Maar my hand wou nie saamwerk nie, en ek sien toe dat my hand heeltemal skeef en verwronge hang en dat daar bloed by my trui uitloop. Ek besef toe dat dit 'n oop fraktuur moes wees, en sit my hand, soos ek daar in die motor se sitplek vasgedruk sit, oor my maag en borskas. Met die dat ek afkyk, sien ek dat my femur waarskynlik vergruis is. My regtervoet is vasgeklem tussen die rem en koppelaarpedaal en ek kon sien dat dit ook verwronge was, en waarskynlik gebreek was. My linkervoet sit tussen die koppelaarpedaal en die bakwerk van die motor vas, en dit lyk vir my of dit ook gebreek kon wees.

Dit is eienaardig hoe helder en objektief ek hierdie waarneming gemaak het, nadat ek net enkele sekondes vantevore my bewussyn herwin het.

Sonder dat ek enige angs of benoudheid ervaar, besluit ek dat dit nie al beserings is wat ek opgedoen het nie, en dat ek waarskynlik nie sal bly lewe nie. Half gelate sluit ek my oë en wag

dat die einde moet aanbreek. Ek het altyd gedink dat 'n mens tot 'n mate angstig sou wees, of dan miskien onseker sou wees om so 'n besluit te neem. My gedagtegang was objektief en dit was amper, met die baie seer wat ek gehad het, of ek daarna uitsien! Na die tyd was dit een van die gedagtes en ondervindings wat vir my baie swaar was om te verwerk.

Die volgende helder oomblik was toe ek hoor hoe die masjientjie raas waarmee hulle die motorwrak oopbuig om my uit te kry. Toe word alles skielik weer baie helder en ek besef met 'n gevoel van angs dat ek nou uit die wrak gehaal gaan word, en ek kon voor my heilige siel sien dat ek so vasepen is in die motor dat ek slegs daar *uitgetrek* sou kon word. Ek ervaar dan skielik weer die seer wat gaan kom met beweging, en pleit dat die helpers tog my been en arm moet ondersteun.

Dit is 'n genadige gevoel om weer jou bewussyn te verloor. Nadat ek besef het dat die mense nie na my instruksies luister nie, en miskien ook nie weet dat ek 'n medikus is nie, aanvaar ek dan maar gelate my lot en plaas my in die hande van die mense wat my te hulp gesnel het.

Gelukkig het mens in sulke omstandighede nie besef van tyd nie, en as die genadige bewussynsverlies mens oorval, gee liggaam en gees maklik daaraan oor.

Die volgende helder oomblikke was toe ek besef dat ek hipovolemies erg geskok raak. Dit was in die noodafdeling van 'n hospitaal. Die gevoel in my mond was asof dit vol droë grond geprop was. Weereens het ek gelate aanvaar dat ek waarskynlik besig is om te sterf en omdat geen

beweging moontlik was sonder intense pyn en ongemak nie, is die bewussynsverlies wat na sulke helder oomblikke kom, 'n welkome uitkoms.

Die pen deur my kalkaneus en die gips daarom, waaraan traksie geplaas is, brand soos vuur as die verdowende effek van die Omnopon uitgewerk is. Die gevoel dat ek sou doodgaan, het nou verdwyn en ek kan onthou dat ek aanhoudend en angstig gekla het oor die pyn onder die gips. In sulke helder oomblikke kom die diktum dat geen ongemak onder 'n gips geïgnoreer mag word nie, tot my deur. Dit voel kompleet asof my hele kalkaneus en enkelgewrig nekroties gaan raak.

Vir 3 dae het die tyd stil gestaan. Dag en nag, more of aand het nie verskil gemaak nie. Besoekers het gekom en gegaan deur newels heen. Tog kon ek die bekommerde uitdrukking in hulle oë sien en dit het my laat besef dat ek waarskynlik nie goed lyk nie. Die oorgawe het verdwyn en daar was nou 'n wil om deur hierdie nagmerrie-episode te kom.

Nadat die intra-veneuse oorgietings gestaak was en mondelike behandeling begin het, word mens weer bewus van wat om jou aangaan. Daar was weer die besef van tyd en omgewing.

Die volgende ervaring wat vir my as medikus baie swaar was om te verwerk, was die gevoel dat mens nie bestaansreg op hierdie planeet het nie. Dit is 'n gevoel van veraf leegheid en eensaamheid wat 'n onbeskryflike alleenheid in mens laat posvat.

Die skuldgevoel in die wete dat mens sommer so sak-en-pak wou

## 'n Persoonlike Ervaring

oorgee, maak dit ook nie makliker nie.

### Hospitaal-Besoekers

Ek het altyd gedink dat hospitaal-besoeke 'n taamlike oorbodige gewoonte is wat nie die moeite werd is nie.

As dokter het ek dikwels die gevoel gehad dat ek half oorbodig daar rondstaan en nie juis 'n bydrae maak nie, waarskynlik omdat die pasiënt gewoonlik nie jôu pasiënt was nie, en as medikus jy geen inset of raad het in die behandeling van die pasiënt nie.

Hierdie gevoel van verstotenheid en alleenheid is opgehef deur die welkome besoekers in die hospitaal. Dit is amper asof 'n

mens lê en wag vir besoektyd. Enige voetstap wat mens in die gang hoor, word 'n hoop dat dit 'n besoeker is wat kom kuier. Dit help weer om mens te laat voel dat jy tog êrens behoort en dat daar tog mense is wat omgee en bekommerd is oor jou. Ek dink dit is hierdie hospitaalbesoek wat uiteindelik gemaak het dat ek oor hierdie nare, verstote gevoel gekom het. Ek dink wat regtig gehelp het was toe ek besoek ontvang het van iemand waarvan ek dit nie verwag het nie. Hierdie besoeke gee vir mens 'n lekker warm gevoel van behoort tot 'n gemeenskap.

### Wie Hou Moses se Arms Op?

Soos van ouds toe Aäron en Hur Moses se hande moes ophou (Exodus 17:12) sodat Israel kon

wen, het ons vandag nog hande-ophouers nodig. In die hospitale word die bevelsuster en ander professionele personeel se oorwinning bewerk deur die verpleeg-assistente, die "Nursies". Sonder hierdie liewe toegewyde menses is die funksionering van 'n hospitaal nie moontlik nie.

Ek wil nie sekere personeel oorslaan nie, maar spesiale hulde bring aan hierdie "Nursies" wat selde of ooit in die kalklig kom, maar tog hulle werk nougeset en toegewyd verrig.

Ek het ook die groep professionele nagwerkers vir die eerste keer regtig raakgesien. En hoe verdryf hulle nie die donkerte van die nag met hulle opgewekte persoonlikhede nie!



## 'n Persoonlike Ervaring

Na 'n lang dag, wanneer die laatskof moeg en tam is, daag hierdie mense met 'n fris en opwindende verandering by jou bed op, om die lang nag te help verdryf. Hierdie toegewyde gesondheidswerkers kyk bedags, veral in die namiddae dikwels nog na hulle gesinne ook. Hulle werk hul letterlik van hulle voet af! Maar sonder hierdie mense sal ons hospitale snags tot stilstand kom. Hierdie produktiewe mense lewe 'n dubbele lewe - ek het dit eers in my ellende behoorlik besef.

Laastens, dit is 'n groot verskil om 'n *pasiënt* te wees in plek van 'n *geval*!

**Hein van der Westhuizen  
Randburg.**

## Learning from patients

*Many medical educationists are encouraging under- and postgraduate students to cultivate the habit of learning from their patients. This is seen as one's main, life-long learning strategy for initial and continued education. We invite you to send us an account of your learning experiences with and from patients. If not in the form of an article, why not write us a letter?*

*Editor*

*Please address your correspondence to:*

*The Editor  
S A Family Practice  
P O Box 40447, Arcadia 0007  
Republic of South Africa*

## PENETRATING POWER

S2 R/13.9.2/203 10 mg cream  
S2 R/13.9.2/204 10 mg solution



FUNGICIDAL  
Bifonazole  
**Mycospor**<sup>®</sup>  
ONCE A DAY — ALL DAY

Bayer-Miles



27, Wrench Rd., Isando. Tel: (011) 921-5911 Company Reg. No. 53/00355/07  
Mycospor and the Bayer cross are registered trademarks of Bayer Germany.